Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998


# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 131] CAPE TOWN, 21 MAY 1976 KAAPSTAD, 21 MEI 1976 [No. 5129


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 879. 21 May 1976.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 70 of 1976: National Supplies Procurement Amendment Act, 1976.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 879. 21 Mei 1976.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 70 van 1976: Wysigingswet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1976.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Wet No. 70, 1976 WYSIGINGSWET OP DIE VERKRYGING VAN LANDSVOORRADE, 1976.

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970, ten einde aan die Minister van Ekonomiese Sake die bevoegdheid te verleen om vervoerdienste en ander dienste wat deur die Staat verskaf word in sekere omstandighede te reël, te beheer of te verbied; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 10 *Mei* 1976.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Invoeging van artikel 2A in Wet 89 van 1970.

**1.** Die volgende artikel word hierby in die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970 (hieronder die Hoofwet genoem), na artikel 2 ingevoeg:

„Minister se bevoegdhede in verband met verskaffing van sekere dienste deur Staat.

**2A.** Wanneer die Minister dit vir die veiligheid van die Republiek of in die openbare belang nodig of dienstig ag, kan hy of iemand wat deur hom daartoe gemagtig is, ondanks andersluidende bepalings van enige wet—

(*a*) die gebruikmaking deur iemand of 'n kategorie van persone van 'n vervoerdiens of enige ander diens wat deur die Staat verskaf word;

(*b*) die vervoer van enige goedere deur middel van 'n vervoerdiens wat deur die Staat verskaf word,

by kennisgewing in die *Staatskoerant* of by skriftelike kennisgewing aan die betrokke persoon of persone, reël, beheer of verbied.".

Wysiging van artikel 18 van Wet 89 van 1970.

**2.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Vir sover die uitoefening van die Minister se bevoegdhede kragtens—

(*a*) hierdie Wet betrekking het op 'n aangeleentheid wat kragtens die Bemarkingswet, 1968, aan die Minister van Landbou, die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking of die Nasionale Bemarkingsraad opgedra is, oefen hy dit in oorleg met die Minister van Landbou uit;

(*b*) artikel 2A betrekking het op 'n aangeleentheid wat kragtens—

(i) die Motortransportwet, 1930 (Wet No. 39 van 1930), aan die Minister van Vervoer, die Nasionale Vervoerkommissie of 'n plaaslike padvervoerraad;

(ii) die Wet op Lugdienste, 1949 (Wet No. 51 van 1949), aan die Minister van Vervoer of die Nasionale Vervoerkommissie;

(iii) die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957, aan die Minister van Vervoer of die Administrasie;

(iv) die Spoorwegraadwet, 1962, aan die Minister van Vervoer of die Spoorweg- en Haweraad,

opgedra is, oefen hy dit in oorleg met die Minister van Vervoer uit.".

Kort titel.

**3.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1976.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



NATIONAL SUPPLIES PROCUREMENT AMENDMENT ACT, 1976. Act No. 70, 1976

# ACT

**To amend the National Supplies Procurement Act, 1970, in order to empower the Minister of Economic Affairs to regulate, control or prohibit in certain circumstances transport services or other services supplied by the State; and to provide for matters incidental thereto.**

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to* 10 *May* 1976.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:

Insertion of section 2A in Act 89 of 1970.

**1.** The following section is hereby inserted in the National Supplies Procurement Act, 1970 (hereinafter referred to as the principal Act), after section 2:

"Minister's powers in regard to supply of certain services by State.

**2A.** Whenever the Minister deems it necessary or expedient for the security of the Republic or in the public interest, he or any person authorized thereto by him may, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, by notice in the *Gazette* or by notice in writing to the person or persons concerned, regulate, control or prohibit—

(*a*) the use by any person or any category of persons of any transport service or any other service supplied by the State;

(*b*) the transport of any goods by means of any transport service supplied by the State.".

Amendment of section 18 of Act 89 of 1970.

**2.** Section 18 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Minister shall, in so far as the exercise of his powers under—

(*a*) this Act relates to a matter entrusted under the Marketing Act, 1968, to the Minister of Agriculture, the Secretary for Agricultural Economics and Marketing or the National Marketing Council, exercise such powers in consultation with the Minister of Agriculture;

(*b*) section 2A relates to a matter entrusted under—

(i) the Motor Carrier Transportation Act, 1930 (Act No. 39 of 1930), to the Minister of Transport, the National Transport Commission or any local road transportation board;

(ii) the Air Services Act, 1949 (Act No. 51 of 1949), to the Minister of Transport or the National Transport Commission;

(iii) the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation) Act, 1957, to the Minister of Transport or the Administration;

(iv) the Railway Board Act, 1962, to the Minister of Transport or the Railways and Harbours Board,

exercise such powers in consultation with the Minister of Transport.".

Short title.

**3.** This Act shall be called the National Supplies Procurement Amendment Act, 1976.